

# Pessimisme hoef jou nie te oorval nie

Dit is maklik om jou blind te staar teen Suid-Afrikaners se probleme. Maar die Suid-Afrikaanse verbruiker is eintlik beter daaraan toe is as talle verbruikers in ryker lande.

Ondanks die teëspoed waarteen ons vaskyk, is die Suid-Afrikaanse verbruiker in 'n ontwikkelende, armer land soos Suid-Afrika steeds in 'n beter posisie as die meeste verbruikers in ontwikkelde, ryker lande.

## BBP GROEI

Die markwaarde van al die vervaardigde goedere en dienste (bruto binnelandse produk) in Suid-Afrika kan in die 2022-kalenderjaar met 1,9% teenoor 2021 toeneem.

Die lande met wie die Suid-Afrikaanse graanbedryf op die uitvoermark meeding, is Australië (BBP-groei van 3,3%), Argentinië (4,6%) en Brasilië (2,6%).

Die probleme met vervoer, uitvoerinfrastruktuur en elektrisiteit wat die landbou in Suid-Afrika ervaar, hou verband met die styging in landbouproduksie en -uitvoer waarmee infrastruktuurontwikkeling nie tred gehou het nie.

Namate landbouhandel en -produksie toenemend deur onvoldoende infrastruktuur onder druk geplaas word, sal voedselpryse uiteindelik toeneem omdat die transaksiekoste vir produksie en uitvoer verhoog.

## WERKLOOSHEID

Van die 42 lande wat *The Economist* monitor, is Suid-Afrika se indiensnemingsyfer die laagste. Werkloosheid beloop 33,9% wat beduidend hoër is as in Rusland (3,8%), Duitsland (3%), Amerika (3,5%), China (5,3%), die Eurogebied (6,6%), Saoedi-Arabië (5,8%), Argentinië (6,9%) en Brasilie (8,9%).

Dis belangrik dat die Suid-Afrikaanse bevolking begrip het vir die groot rol wat die landbou in die welvaart van die Suid-Afrikaanse verbruiker speel. Dit gaan nie net oor indiensneming nie, want die landbou help voedsel bekostigbaar te hou vir die plaaslike verbruiker. Die Suid-Afrikaanse inset-, graanproduksie- en graanverwerkingsbedryf het unieke kostedoeltreffende stelsels wat wêreldwyd mededingend is.

## VERBRUIKERSPRYSE

Suid-Afrika se verbruikersprysinflasie (VPI) sal na verwagting in 2022 op 'n jaargrondslag met 6,9% toeneem. Dit vergelyk goed met die VPI in Rusland (14%), Duitsland (8,3%), Amerika (7,9%), die Eurogebied (8,3%), Australië (6%), Brasilië (9,6%) en Argentinië (70,8%).

Gemeet teen 'n ekonomiese groeikoers van 1,9%, maar 'n VPI van 6,9%, is die Suid-Afrikaanse verbruiker armer teenoor die vorige jaar. Tog het Suid-Afrikaners in verhouding minder verarm as verbruikers in Rusland, Duitsland, die Eurogebied, Argentinië en Brasilië. Omdat Suid-Afrika surplus stapelvoedsel teen uitvoerpryse produseer, beteken dit sy armste verbruikers se VPI is ook laer as die VPI van lande wat voedsel moet invoer.

## HANDELSBALANS

Suid-Afrika is 'n netto invoerder van goedere en dienste. Hy moet daarna streef om 'n netto uitvoerder te wees, veral van landbouprodukte. Dit verhoog verbruikers met 'n swakker koopkrag se welvaart en voedselsekerheid, en skep 'n vreedsamer samelewing vir almal.

## BEGROTINGSBALANS

'n Gebalanseerde begroting beteken 'n regering se beraamde inkomste is gelykstaande of meer as sy uitgawes. Sommige ekonome meen 'n toename in staatskuld kan nadelige gevolge vir Suid-Afrika inhou, terwyl ander meen 'n begrotingstekort kan nodig wees om ekonomiese bedreigings die hoof te bied en dat 'n land se skuldvlak nie noodwendig 'n probleem is nie.

## RENTEKOERS OP STAATSEFFEKTE

Staatseffekte is skuld wat 'n regering uitreik om staatsbesteding te ondersteun. Dit word as laerisikobeleggings beskou aangesien die staat wat dit uitreik, dit ondersteun. Die rentekoers wat op Suid-Afrika se tienjaarstaatseffekte verdien kan word, beloop 10,8 % en dit het oor die afgelope jaar met 126 basispunte verhoog.

As Suid-Afrika se skuldvlak te hoog raak, kan dit op kort termyn bestuur word, maar op lang termyn bestaan die risiko van hoër inflasie en 'n verswakking in die rand se waarde.

## GELDEENHEID

Ekonome kyk na die Suid-Afrikaanse verbruiker se koopkrag, die plaaslike prys van goedere en die verwagte ekonomiese groei vergeleke met ander lande om die toekomstige waarde van die rand te voorspel.

Politieke en ekonomiese stabiliteit en die vraag na Suid-Afrikaanse goedere en dienste bepaal die waarde van die rand. 'n Positiewe handelsbalans kan die rand se waarde ondersteun. As inflasie te vinnig toeneem, kan die Reserwebank rentekoerse verhoog om inflasie so na as moontlik aan 4,5% te hou.

## SLOTSOM

'n Swakker rand ondersteun hoër landbouprodukpryse, maar lei tot verhoogde produksiekoste omdat soveel produksiemiddele ingevoer word. Dis belangrik dat graanprodusente toegang het tot produksiemiddele wat tegnologies met die beste ter wêreld vergelyk. Dit kan die landbou-uitvoer aanhelp.

Die landbou het egter ondersteunende vervoer- en uitvoerinfrastruktuur nodig vir die landbou-ekonomiese groei en om die verbruiker in Suid-Afrika se algemene welvaart teenoor mededingerlande te verhoog.

Onthou, die landbou lewer 'n groter bydrae deur bekostigbare gehaltevoedsel te voorsien en dat die landbou hoog op die regering se prioriteitslys vir infrastruktuurbelegging moet wees.

Dan het die landbou 'n belowende toekoms in Suid-Afrika en is daar min rede om pessimisties te wees. **LBW**

*Mnr. Wessel Lemmer is hoofbestuurder van Agbiz Grain.*

BRONNE: Absa & Economist